

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
20 Julie 1979

Onderwerp: God se kritiek

Lees: Sagaría 3

Teks: Sagaría 3 vers 2

Sing: Psalm 48 vers 4
Gesang 253 vers 4
Gesang 225 vers 4

“Het die mens van vandag nog genoeg entoesiasme vir die Kerk, veral dié wat nog jonk is, wat 'n skerp oog het vir die gebreke van die kerk? Dit lyk asof die mense van hierdie eeu nog nie moeg is om die Kerk van Jesus Christus te kritiseer nie. Daar is mense wat wil sê dat die koeël letterlik deur die kerk is. Dat dit klaar is met die kerk. Dat daar nie meer hoop is vir die kerk in hierdie materiële tyd nie. Dat jy maar lkabod op die kerk se deure kan skryf.

“Maar voordat ons verder gaan, laat ons reg aan die begin van hierdie voorbereidingsdiens sê, dat ons in ootmoed oop moet wees vir alle eerlike kritiek teen die kerk.

“Daar is seer sekerlik baie redes vir ons om ons hoof in skaamte voor God te laat sak. Dink maar aan die verdeeldheid onder Christene. Die liefdeloosheid onder ons wat goeie buurmanskap en samehorigheid 'n onmoontlikheid maak. Die menigte lidmate wat nie 'n voorbeeldige lewenswandel beoefen nie. En ons verwaarlosing van ons pligte as lidmate, wat insluit ons bywoning van eredienste en bidure.

“Christus Jesus verwag tog van elkeen van ons dat ons die sout van die aarde en die lig van die wêreld moet wees. En hoe het ons nie in hierdie verwagting van God gefaal nie!

“Daar is lidmate wat nie verslag kan gee van hulle herinneringe in die kerk nie, omdat hulle slaap tydens eredienste. Ander kom sit en vervies hulle vir so en so wat vanmôre met groot skynheiligheid die kerkraadsbank vul, óf langs hulle kom sit.

“Diesulkes loop alles mis wat God vir hulle bedoel het om in die erediens te ontvang. Hulle het nog nooit opreg kennis gemaak met Jesus Christus en sy Evangelie nie.

“Dan is daar mense wat so maklik die kerk veroordeel, omdat hulle een of ander onaangename ondervinding of ervaring met kerkmense gehad het. So iemand vergeet, dat as hy dit doen, hy nog onvolwasse gebly het in sy verbintenis met die liggaam van Jesus Christus.

“As ons eerlik voor God is, dan moet ons erken dat die beeld wat ons soms aan die wêreld vertoon, ’n afskuwelike indruk moet maak.

“Hierby moet ’n mens ook in ag neem, dat daar geen plek in die wêreld is waar die mens so onder die vergrootglas geplaas word, as juis in die Kerk nie.

“Maar, Broers en Susters, al sou ons al die liefdelose en oppervlakkige kritiek teen die kerk kon afwys, is daar kritiek vanuit ’n suiwer bron waarop ons nougeset moet let. As God se Woord goed en moedig bedien word, is daar niemand in die Kerk wat gespaar word nie. Die gemeente kom elke Sondag onder die tugtiging en oordeel van God se Woord. Dit is die suiwerste kritiek op die hoogste vlak. En as ons goed luister na die kritiek in God se Woord, sal elkeen in elke kerkdiens moet bely: O God, wees my sondaar genadig!

“Die vraag is: Watter kritiek keur God goed en watter kritiek keur Hy af?

“Dit het onder andere te doen met watter gees en met watter maatstaf ons kritiseer.

“Laat ons vanmôre eerbiedig luister na God se kritiek op die kritiek van sy Kerk.

“Dit is duidelik uit hierdie ontroerende visioen wat Sagaría gehad het, dat die HERE só onpartydig is, dat Hy alle partye in ’n geskil beoordeel. Hy sluit hulle in wat kritiseer én hulle wat gekritiseer word.

“Hier lees ons dat die Heilige God eers met Satan, die grootste vyand en teenstander van God se volk, afgereken het. God het vir hierdie groot kritikus gesê: Hou jou mond. As daar iemand is wat geen reg het om te spreek nie, dan is dit jy. As daar iets te veroordeel is, sal Ek dit doen, omdat Ek suiwer in liefde oordeel.

“In Sagaría se visioen was daar ’n regbank, ’n Regter, ’n aanklaer en ook ’n beskuldigde. En die beskuldigde was die hoëpriester, Josua. Hy het as beskuldigde voor die Engel van die HERE gestaan, terwyl Satan hom aangekla het. En dit was ook geen wonder nie, want Josua het daar gestaan met vuil ampsklere aan.

“Hoe het sy klere so vuil geword? ’n Hoëpriester mag God tog nie in sulke vuil klere gedien het nie.

“Sy klere was vuil weens sy persoonlike en sy ampsondes, maar ook vanweë die sondes van die volk wat hy voor God verteenwoordig het. Josua het dus as’t ware die vuil kleed van die kerk en kerklike ampsdraers gedra.

“Dit is ’n skanddaad dat die kerk en sy dienaars deur al die eeue só daar uitgesien het en uitsien. Die kritiek op die vuil klere van die kerk is helaas gegrond. Ons kan ons op hierdie punt net so min verdedig en verontskuldig as Josua, wat as aangeklaagde beskaamd daar gestaan het. Hy het nie probeer om homself te verdedig nie en het net geswyg. En wat kan ons vanmôre anders doen as om te swyg?

“Daar staan ’n enorme klagstaat teen die kerk deur alle eeue heen. En ek hoef dit nie op te noem nie. Waar sal ek moet begin en eindig? Selfs die Duiwel se aanklagte teen ons is nie van alle waarheid ontbloot nie.

“En ten spyte hiervan, het hier iets verrassends gebeur, eintlik ’n wonder. God die HERE was die Regter. Hy het die beskuldigings gehoor en gesien dat dit waar was. Want Josua, die bewysstuk in die hof, het daar lewensgroot voor Hom in sy vuil klere gestaan.

“En toe moes die HERE die vonnis vel. Wat sou dit wees? Ons verwag dat God in toorn sou uitbreek het teen Josua en sou afgereken het met sy sondaarskerk. Dit sou die kerk se verdiende loon gewees het.

“Maar toe het die onverwagte gebeur. God het eers afgereken met die aanklaer, Satan: ‘Mag die HERE jou bestraf, o Satan! Ja, mag die HERE, wat Jerusalem verkies het, jou bestraf!’ (Sag 3:2)

“Waarom het die HERE ’n vonnis oor Satan, die aanklaer, gevel? Omdat sy kritiek nie uit liefde was om te red nie, maar gekom het uit die vuil bron van die haat om te vernietig. En omdat Satan, selfs as hy waar dinge sê, steeds ’n leuenaar is. Hy staan nie in die waarheid van God se genade nie. Satan is altyd negatief en nooit positief nie. Satan wou ten diepste nie slegs vir Josua en die Kerk tref nie, maar die God en Heer van die Kerk. Sy aanklag teen Josua was eintlik teen God gerig.

“Daarom luister God nie net na wat ons sê en oordeel nie, maar ook hoe ons dit doen, uit watter bron, met watter doel en in watter geestesgesteldheid. Die HERE sê vir elkeen van ons, dat ons nie links en regs mag kritiseer nie. Ons mag

nie liefdeloos, hoogmoedig en negatief optree nie, sodat dit nie dalk mag blyk dat ons daarin handlangers en dienaars van Satan is nie.

“As die liefde die vervulling van die wet is, dan beteken dit ook dat ek slegs in waarheid mag kritiseer as dit in liefde en tot redding is. Ons kritiek kan tog só striemend wees. En as die liefde nie daarin brand nie, staan ons aan die verkeerde kant, aan Satan se kant.

“Daarom sê God aan Satan en al die liefdelose aanklaers: Bly stil. Waar kry julle die brutaliteit vandaan om so 'n liefdelose woord te spreek?

“Daarom kom die indringende vraag tot ons almal, of ons nou in die kerk sit, of nie meer kerk toe kom nie: Hoe beskuldig ons mekaar? Hoe kritiseer ons mekaar? Geskied dit in diens van God, of in diens van Satan? Is dit positief, of is dit negatief? Dra jy die belange van daardie persoon op die hart, of is jy 'n vyandige buitestaander?

“Moenie vergeet dat die HERE God nooit Josua en sy volk se sondes goedgepraat het nie. God is 'n regverdige God. Daar is géén sonde wat nie volledig gestraf sal word nie. Wat die verskil maak, is Jesus Christus wat met sy dood aan die kruis die straf op Hom geneem het, wat ons en gelowiges deur alle eeue verdien. Wanneer God sy volk vrykoop deur Self vir hulle sondes te betaal, doen Hy dit omdat Hy groot is in ontferming. En dan moet ons oppas om God nie te beledig; óf aanstoot te neem aan God se genade nie.

“Dit bekommer my dat die Duiwel in sy regsgedinge met die kerk, al hoe meer aanhangers kry. Moenie vergeet nie, wie God se volk aanraak, raak God se oogappel aan. God sal afreken met elke teenstander van sy Kerk.

“En hoe het God met Josua en sy kerk afgereken? Dit was 'n wonderlike verrassing. Die HERE het Josua nie ontslaan as ampsdraer nie. Hy het nie die hoëpriester weggejaag nie. Die HERE het begin met 'n daad van reiniging en vernuwing: ‘Neem die vuil klere van hom weg. Toe sê Hy vir hom: Kyk, Ek het jou skuld van jou weggeneem en Ek bekleed jou met feesklere.’ (Sag 3:4).

“Wat 'n feeskleed; en wat 'n genade as God so goed en mildadig in skuldvergifnis is!

“Broers en Susters, ons kan moeilikheid ondervind in selfkritiek, met die aanklagte van die wêreld, en nog meer met die aanklagte van die Duiwel. Maar die

allermoeilikste is die suiwere en vlekkelose oordeel van God. Laat ons maar beskaamd swyg!

“En dit is wat Josua gedoen het. Hy het deur stil te bly, die skuld van sy vuil klere erken. Hy het swygend gebuig onder die oordele van God, en netso het hy God se genade, versoening en reiniging aangeneem.

“Paulus waarsku: ‘Wie sal beskuldiging inbring teen die uitverkorenes van God? God is dit wat regverdig maak. Wie is dit wat veroordeel? Christus is dit wat gesterf het, ja, meer nog, wat ook opgewek is, wat ook aan die regterhand van God is, wat ook vir ons intree.’ (Rom 8:33,34) Wie sal beskuldiging inbring as God vrygespreek het?

“Só waak God volmaak oor sy vrygespreekte Kerk. Daarom sien God geen vlek of rempel in sy Kerk nie.

“Wie kan God se genade ongedaan en kragteloos maak? Wie sal ons skei van die liefde van Jesus Christus? Niks en niemand, selfs nie onself, kan dit doen nie! En dit is ons troos.

“Jesus staan bewarend en vergewend in die voorhof van God se tempel. Hy nooi ons uit om in te gaan in God se koninkryk, in God se vrede, en daarom ook in vrede met mekaar en met onself.

“Ag, Broers en Susters, die wêreld en ons hart is vol kritiek op die kerk en op mekaar. Maar hoe banaal, onvrugbaar en negatief is ons kritiek nie. Dit loop nie uit op vrede nie.

“Hierteenoor het ons nou die magtige visioen van God se positiewe kritiek gesien. Dit loop uit op ewige vreugde.

“Amen.”